# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 3 15 November 2020

## Jeremia 29:1-14

Die volk van die Here bly sondig teen Hom. Die Here waarsku hulle oor hulle ongehoorsaamheid, maar steeds luister hulle nie. Die Here straf hulle en ’n groot deel van Juda word weggevoer in ballingskap na Babel deur koning Nebukadnesar. Die volk is negatief en ontevrede oor hulle omstandighede. Hulle is uit hulle bekende geforseer na die onbekende. Verder tot hulle lot kon daar ’n valse profeet genaamd Genanja (Jeremia 28) en verkondig aan die volk dat hulle oor twee jaar bevry gaan word. Die volk was verbly want hulle gaan terug huis toe. Maar toe kom daar ’n ander profeet, Jeremia. Hy vertel vir hulle dat dit nie so gaan werk nie. Dit is nie deel van God se plan met hulle nie. In hoofstuk 29 skryf Jeremia ’n brief aan die volk en hulle het hierdie keer geluister. Hulle luister want hulle is moeg en moedeloos waar hulle in Babel sit. Die onbekende maak hulle ongemaklik en vreemd, kwaad en bang voel. Hulle sit tans in omstandighede waarin hulle nie wil wees nie, al verdien hulle dit om in ballingskap te wees. Ons kan ons ook vereenselwig met die volk in die tyd van Jeremia 29. Van ons is moeg en moedeloos. Ons is ook raadop en bang, ongemaklik en vreemd. Dalk is jy ook nou op ’n plek in jou lewe waar jy nie wil wees nie. Jy is onseker oor wat die toekoms vir jou inhou. Ons voel soms soos vreemdelinge in ons eie land. Petrus sê juis dat Christene vreemdelinge in hierdie wêreld is (1 Petrus 2:11). In hulle ellende skryf God vir die ballinge 'n brief, via Jeremia. Die doel van die brief is om hulle te oriënteer en vir hulle God se pad aan te wys. Die brief laat God se lig op hulle en hul omstandighede val, en wys God se pad vorentoe aan. Jeremia kon maklik besluit om die ballinge aan hulle lot oor te laat omrede hulle immers in ballingskap is omrede hulle teen God gerebelleer het. Maar die ballingskap is nie ’n doel in direk nie, maar ’n middel tot ’n doel; vers 11 sê: “Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle ’n toekoms gee, ’n verwagting!” Daarom bly Jeremia vir hulle verantwoordelik. Jeremia gaan vêrder in sy brief om vir die ballinge te verduidelik dat hulle met hulle lot moet vrede maak. Hulle moet nie valslik bly hoop om vroeër uit ballingskap te kom nie, maar eerder moet besef dat die lewe moet voortgaan deur te bou en plant en trou en kinders voort te bring. Hulle moet daar tot God bid, wat die belange van die heidense stad is ook hulle belange (sien vers 7). Ons as Christene, kinders van God, het ’n verantwoordelikheid om ’n bydrae te lewer tot die samelewing, al is dit ’n goddelose samelewing. Na teëspoed of ellende jou persoonlik tref, kan ’n mens maklik op ’n ashoop gaan sit en jouself bejammer of in opstand kom.
Jeremia sê vir die ballinge in verse 10-14 dat alhoewel dit nie gou sal wees nie, sal daar wel ’n terugkeer uit ballingskap wees vir hulle. God beplan voorspoed, ’n toekoms en ’n verwagting vir hulle. God wat hulle weggevoer het, sal hulle ook terugbring. Soms is dit vir ons moeilik om te glo dat God dit goed bedoel met ons. Aan ons het Hy egter sy goeie bedoelinge, sy oneindige liefde bewys in Jesus Christus. Daarom hoef ons nooit in vertwyfeling te raak nie. Die volk het uiteindelik teruggekeer uit ballingskap. Die land is weer opgebou en hulle kon 'n nuwe toekoms begin. Waar ons individueel en gesamentlik tans deur soveel ontwrigting gaan, kan ons net tot die Here bid om vir ons uitkoms te gee. Soms is dit moeilik om te glo dat God dit goed bedoel met ons. Aan ons het Hy egter Sy goeie bedoelinge, Sy oneindige liefde bewys in Jesus Christus. Daarom hoef ons nooit in vertwyfeling te raak nie.

## Liturgie

### Verwelkoming

Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet

'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.

- Psalm 46:2-4 -

### Loflied

- Here ons sal u loof (LB 214) -

### Skriflesing en Oordenking

- Jeremia 29:1-14 -

### Wil van die Here (Wet)

- Jeremia 29:4-7 -

### Skuldbelydenis

- Gebed -

### Vryspraak (Genadeverkondiging)

- Jeremia 29:11 -

### Geloofsbelydenis

- Heer met my hele hart-

### Seën en Amen

Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.

-

# Delf dieper

## Die wildernis in - Die lewe is moeilik

### 1) Na mekaar:

1. Hoe gaan dit?
2. Wat is dit waarmee jy al geworstel het?

### 2) Na God:

1. Lees Jeremia 29:1-14

a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?

2. Waar is God in ons ellende?
3. Hoekom voel God veral vêr in moeilike tye?

### 3) Na mense:

1. Bid hierdie week oor dit wat jou bekommer en gee dit oor aan die Here




https://youtu.be/sfaTEA4z4fQ




https://youtu.be/qfz8vWzhHS0

# DIE LEWE IS MOEILIK



Jeremia 29:1-14

Gaan lees hierdie week se gedeelte in die Bybel saam met mamma en pappa. Ons gaan nie vandag soveel op die teks spesifiek fokus nie. Ons gaan kyk na die lewe wat partykeer moeilik is.

Antwoord gou die volgende vrae:

1. Het dit al vir jou gevoel asof die lewe moeilik is?
2. Wat het gebeur?
3. Hoe het jy gevoel toe dit gebeur het?

Soms gebeur daar dinge met ons lewe moeilik maak. Daar is eintlik baie dinge waaraan ons kan dink, soos wanneer 'n maatjie baie lelik is met jou of wanneer jou geliefde troeteldier dood gaan. Elkeen van hierdie goed laat ons anders emosies ervaar. Ons kan byvoorbeeld kwaad of hartseer voel, maar elkeen van hierdie emosies laat dit sommer voel asof die lewe moeilik is.

Twee en 'n half duisend jaar gelede het die mense van Juda ook iets ervaar wat hulle lewe moeilik gemaak het. Hulle is weggevat van die plek waar hulle gebly het en alles wat hulle geken het om op 'n vreemde plek te gaan bly. Dink net hoe moes hulle gevoel het. Hulle het ook verskillende emosies ervaar. Hulle moes ook kwaad of hartseer gevoel het.



Maar Jeremia, 'n profeet, het vir hulle 'n boodskap van God af gegee. Hierdie boodskap kan jy weer lees in die teksgedeelte. Vanaf vers 10 lees ons dan dat God hulle weer sal terug bring na die plek waar hulle gebly het. Met ander woorde, God gee vir hulle weer hoop.

Net soos God vir Juda hoop gegee het, gee Hy vir ons ook hoop. Al gebeur hierdie slegte dinge soms, moet jy onthou dat God iets beter vir jou beplan.

Hou aan hoop, want God gee vir jou hoop.

Kom ons kyk veral na vers 11:

(Jy kan hierdie uitknip en dit in jou Bybel bêre, of iewers teen jou muur plak. Dit herinner ons aan die hoop wat God vir ons gee.)

*Ek weet wat ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!*

*Jer 29:11*

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 15 November** | |
| Reuben Mentz | 012 804 9137 |
| Thelma Swart | 082 744 5726 |
| Marietjie van Staden | 012 807 0083 |
| | |
| **Dinsdag 17 November** | |
| Anna Beukes | 083 454 4394 |
| Austin Billet | |
| Lettie Botes | 012 804 6014 x 2415 |
| Fred Corenelius | 012 803 9052 |
| Franco Jamneck | 012 804 6033 |
| | |
| **Woensdag 18 November** | |
| Louisa Liebenberg | 012 804 9040 |
| | |
| **Vrydag 20 November** | |
| Mienkie du Plessis | 072 228 4512 |
| Christel Hanson | 082 825 7338 |
| | |
| **Saterdag 21 November** | |
| Arie Gerber | 073 806 5459 |
| Adriaan Smit | 012 804 8789 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

**Webtuiste:**
**silvertonkruin.com**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina
Rita Peters

**GESONDHEID**
Charles Du Plessis (ICU Wilgers) - Hillie Green

**OPERASIES**
Sonia-Marié Kleynhans - Francois Booyse

**AFSTERWE**
Nic Visser

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert

**ONS BID OOK VIR**
'n Egpaar in ons gemeente met ernstige huweliksprobleme
die Matriek eindeksamen




